

Inhoud Preek skande trots kaal god verheerlik LGBTQ. Christus maak ons trots weer ons skaamte. Hierdie preek wys hoe God ons behandel hoe dit pas by sy heiligheid en eer om God te wees, en nie volgens ons sondes nie. Omdat God ons so weer vir sy liefde heilig en regverdig maak, kan ons met 'n lewenswyse breek waar ons van ons skandes, ons trots moet maak om ons selfrespek te probeer behou. God neem die grensloosheid waarmee ons Hom vir ons die kaal god van ons begeertes wil maak weg, en is weer vir ons God volgens sy heiligheid. Op hierdie wyse maak hy ons trots op ons skandes weer ons skaamte en maak Hy dat ons Hom weer volgens sy wil kan verheerlik.

Skriflesing Esegïel 36: 22 – 28, 31, 32; Eseg. 16: 63; 20 – 22; 3: 17 – 21.

Teks Fil. 1: 20 “Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en sterwe.”

Tema Christus maak ons trots weer ons skaamte

1. Christus maak ons skaam oor ons sondes maar afgodsdienste maak ons trots op ons sondes. Dit is die kontras wat Paulus in Filippense 1 en 3 stel.

Christus maak sluit ons in God se verbondsverhouding met ons in en binne hierdie verbondsverhouding word ons mense wat ons weer skaam oor ons sondes. Wanneer Paulus hier verklaar dat dit sy vurige verlange is om niks te doen waaroor hy homself sal skaam nie, bevestig hy dat hy deel is van hierdie verbond van Esegïel 36 waardeur God ons weer skaam maak vir ons sondes.

Dit is presies die teenoorgestelde wat die geestelikes doen wat as vyande van die kruis leef volgens Fil. 3: 18. Die wat as vyande van die kruis leef, is mense wat soos Paulus oor homself voor hy tot geloof gekom het getuig in 3: 3 – 6 dat hulle deur hul eie gehoorsaamheid en liefde hul vir God waardig wil maak.

Hulle skande is hul trots! Skaamteloos trots oor hul sondes!

Paulus beskryf hul godsdienste só: hul maag is hul god en hulle is aardsgesind. Hy verwys nie hier na iets soos om jouself te ooreet of aan kos verslaaf te wees nie. Met hierdie uitdrukking stel Paulus weer wat hy in 1 Kor. 6: 12 en 13 gestel het: “Alles is my geoorloof” en “Kos is vir die maag en die maag vir kos.” Dit was die slagspreuk waarmee mense skaamteloos hul sondige drifte as hul geestelike verhouding met God verklaar het. Ons doen net waartoe ons luste ons lei en in ons gedagtes opkom. (Efe. 2:3) Daarom stel Paulus dat hul maag hul god is. Hulle maak hul sondige drifte hul geestelike trots in die Naam van God en godsdienste.

Christus maak ons trots weer ons skaamte

2. Ek wil vir u graag twee voorbeelde gee hoe mense hul skande hul trots maak. Die eerste gaan oor wat tieners met ons so paar jaar gelede gedoen het. Hulle het doelbewus hulle broeke so afgetrek dat hulle hul onderbroeke en gedeelte van hul agterstewes openlik ten toon gestel het. Wat ander mense se skaamte en skande was, dat jou onderklere en naaktheid wys, het hulle hul openlike trots gemaak.

Só het hulle mense wat behoorlik geklee is en skaam is om hul self te ontbloot tot skande gemaak met hul trots op hul vertoonde gedeeltelike naaktheid.

'n Ander manier waarop mense hul skandes hul trots maak, is die manier waarop mense voorgee dat hulle vir God getuig. As sogenaamde getuienis openbaar hulle aan jou van die mees privaatste perversies en sondigste begeertes in hulle met die verdraaide opvatting dat hulle kan trots wees om te vertel hoe hulle nie meer so pervers en driftig is nie. Hulle maak dit hulle trots om oor hul perversies te praat.

Skaamteloos trots op hul skandes!

Dit is wat afgodsdienste is: om skaamteloos in en deur God jou sondige drifte en begeertes uit te leef as jou mooi, innige en diep verhouding met God!

3. Dit is wat Paulus in Rom. 1:32 oor die skaamteloosheid van afgodsdienste verklaar: deur afgodsdienste doen mense sondes asof dit goeie dinge is en wil hulle dat mense sondes as goeie dinge saam met hulle sal doen.

Dit is die tipiese innigheid met God waarin jy God vir jouself net nog 'n afgod maak:

Jou drifte en begeertes is vir jou God se liefdes!

Jou wraak is God se reg en geregtigheid!

Jou hebsug is God se seëninge in jou lewe.

Jou haat is God se staf vir sonde.

Jou pervertheid is God se intimiteit!

Jou losbandigheid is God se vryheid!

Jou slegtheid is God se aanvaarding van alles en almal!

Dit is presies wat die Israeliete in Esegïel met God besig was om te doen deur hulle beeldjies wat hulle van God gemaak het: "So sê die Here my god: "Jy het jou eerloos gedra, jou sonder skaamte ontbloot om met jou minnaars te hoereer, met al jou afskuwelike afgode." (16: 36)

In afgodsdienste maak mense god een met hul sondige drif en begeertes op só 'n wyse dat die God se drif vir hulle en hulle drif met God is. Daarom is daar in hierdie innigheid met God, geen skaamte nie want God en ons is een in mag, een in drif en een in begeerte.

Christus maak ons trots weer ons skaamte

4. Grensloos!

Dit is die tipe verhouding tussen God en mense wat mense skaamteloos maak oor hul sonde – grensloosheid. 'n Verhouding waar God nie meer God nie en mense nie meer mense is nie maar een word in drif, begeerte en mag: God begeer my en ek begeer God!

Vandag word hierdie grensloosheid tussen God en mense aan mense voorgehou asof dit die bedoeling is van Christus se lyding en opstanding: God begeer om deur ons 'n meer menslike God te wees tussen en naby mense wat ons begeerte sal bevredig dat ons meer goddelike mense sal wees.

Daarom was die meeste Griekse gode uitgebeeld as kaal mense. Mense maak in hul goddeloosheid van God 'n kaal god om in hierdie god se naaktheid hulle eie drifte, begeertes en magsug skaamteloos te ervaar as 'n intiem innige verhouding met God! Mense se drifte is God se begeertes vir mense, so glo hulle! Hulle stroop God van sy goddelikheid tot Hy net nog 'n kaal mens is en hulle beklee hulle in hierdie naaktheid van god met sy goddelikheid in hulleself. Daarom is daar in hierdie grenslose innigheid met God, geen skaamte nie want God en mense is een in mag, een in drif en een in begeerte.

5. Teenoor hierdie ontkleding van God van sy goddelikheid tot naakte menslikheid, stel Paulus hierdie geloofsverklaring: “Ek wil nou met alle vrymoedigheid Christus verheerlik deur my hele wese.”

Hierdie verklaring beteken dat Paulus Christus wil lief hê met sy hele hart, verstand, sy hele siel en al sy kragte volgens die Tien Gebooie. Dit is wat Paulus bedoel met vrugbare arbeid! In elke gevoel, gedagte, innerlike aandoening en met elke daad wil hy aan Christus as Here diensbaar toegewy wees volgens sy gebooie.

Hierdie is 'n totaal ander en nuwe verhouding met God, as mense se passie om grensloos een met God in sy goddelikheid te wil wees.

In afgodsdien glo goddeloses dat hul drif en magswil is God se drif en magswil en God se drif en magswil, is my drif en magswil! Ons en God is, voel, dink en wil presies dieselfde. Só is al my skandes my trots!

Deur ons geloof in Jesus Christus is sy wet die wyse waarop ek diensbaar aan God wees en Hom wil liefhê. Só is sy eer my trots!

6. Wat maak die verskil tussen hierdie twee lewenshoudings: “my skande is my trots” en “sy eer is my trots?”

Wie die verskil maak is hoe God God is vir ons!

Christus maak ons trots weer ons skaamte

Esegiël stel dit só: “So sê die Here my God: “Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my Heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het, ... Ek sal die Heiligheid van my Naam laat blyk ... (dan) sal julle besef dat Ek die Here is.” (Eseg. 36: 22)

God behandel ons nie soos ons Hom behandel nie! God behandel ons volgens sy heiligheid waarin Hy God is soos Hy God is, uit Homself, deur Homself en tot Homself!

Dit is die karakter van God se verbondsverhouding met ons, soos hierdie verhouding dan net na hierdie vers aangekondig word in 36: 24 – 28. Alles wie God vir ons is en wat God vir ons doen in sy verbondsverhouding met ons, is hoe Hy ons behandel omdat Hy God is soos Hy in, uit en tot Homself God is. Die aankondiging in die woorde “Ek sal” beteken dit is hoe god sal God wees omdat Hy so God is, en nie so is of optree omdat Hy ons behandel soos ons Hom behandel nie. Daarom sal Hy ons uit al die heidennasies as sy kerk versamel, ons van ons sondes en afgodsdienste reinig, ons met sy teken merk, ons sondige aard wegneem en ’n nuwe aard gee wat Hom eer, ons insluit in sy liefde deur sy Gees en ons weer mense sal maak wat Hom liefhet volgens sy wet. (Eseg. 36: 24 – 28)

Dit is sy heiligheid om God te wees soos Hy God is, wat maak dat Hy dit alles met ons so doen en ons so behandel.

7. God behandel ons nie soos ons Hom behandel nie! God tree nie op soos ons teenoor Hom optree nie!

Dit is presies hoe mense van God ’n kaal god maak sodat hul skandes die trots van hul afgod kan wees! Mense maak van God die afgod wat mense behandel soos hulle Hom behandel:

“As ek Hom iets gee, sal Hy my iets gee!”

“As ek vir Hom goed is, sal Hy vir my goed wees!”

“As ek myself aan Hom oorgee en vir Hom opoffer, sal Hy Homself aan my oorgee en Homself vir my opoffer!”

“As ek Hom onteer, sal Hy my onteer!”

Op hierdie wyse maak ons as mense van God ’n god wat nie meer optree volgens sy heiligheid as God wat ter wille van Homself en sy eer om God te wees optree nie, maar die god wat doen wat ek met hom doen!

Hierdie is die kaal god van alle afgodsdienste! God gestroop van sy heiligheid en eer om God te wees soos Hy God is, sodat Hy die god kan wees wat optree soos ons Hom in ons begeertes, drifte en magswil hanteer.

8. Christus is God wat ons volgens sy heiligheid en eer as God behandel!

Dit is Paulus se getuigenis in Filippense 3: 1 – 14. Hy wys dat hy eers as Jood met die houding geleef het, “God behandel my soos ek Hom behandel”, en daarom moet ek Hom onberispelik volgens sy wet reg behandel, anders onteer Hy my! (3: 3 – 6) Toe ontdek Paulus dat God hom nie so behandel nie, maar in Christus volgens sy heiligheid en eer as God behandel – God maak Hom volkome en reg vir sy liefde, al onteer hy God met sonde!

Hierdie is altyd die onverstaanbare deel van God se optrede! Dit is altyd hier waar mense teen die prediking stel dat hierdie boodskap is vir hulle te moeilik en onverstaanbaar. Hulle wil dat God hulle volgens hulle sondes behandel terwyl God hulle in Christus volgens sy heiligheid en eer behandel. Ek gedra met eerloos, maar God maak my reg vir sy liefde en ek hou my met onheilighede op, maar God heilig my vir sy liefde!

Wat verstaan mense nie van hierdie evangelie nie?

Hulle kan nie verstaan dat God nie na hulle vlak toe daal en optree soos hulle God behandel nie. Hulle kan nie verstaan dat God God is soos Hy god is en nie soos hulle Hom God wil laat wees volgens hulle begeertes en magsdrif nie. Hulle kan van God nie die kaal god maak wat hulle Hom wil hê nie: ons lus is sy lus, ons drif is sy drif en ons wil is sy wil nie.

Hulle wil God ontklee om net soos hulle te wees en dan kom God en bekleed ons skandes met Christus! Wat onverstaanbaar vir mense is, is nie die moeilikheidsgraad van die evangelie nie, maar dat God nie die kaal god is wie hulle Hom in hul sondes maak nie. God is god volgens sy heiligheid en eer, nie volgens mense se begeertes nie.

God bekleed ons skandes met Christus! Hy maak ons heilig en regverdig deur ons in te sluit en te laat deel in wie Christus as mens in die hemel vir ons is. Hy bekleed ons in die naaktheid van ons sondes!

9. Hierdie ontdekking deurbreek die grensloosheid waarin mense skaamteloos God die god van hul begeertes laat wees: God is nie God soos ek Hom begeer nie. Hy is God volgens die eer en heilighede van sy Naam. God behandel my nie soos ek Hom behandel nie, maar soos Hy dit nog altyd aan sy kinders openbaar het:

“Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel nie met ons volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtigheid nie, want so groot as die afstand tussen die hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat hom dien. So ver as die

Christus maak ons trots weer ons skaamte

ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.” (Ps. 103: 8 – 14)

God behandel ons nie as goddelikes nie, maar as mense wat van stof gemaak is!

Dit is met hierdie geloofsontdekking: “God behandel my nie volgens my sondes nie, maar volgens sy heiligheid en eer om my Vader te wees”, dat ons met hierdie afgodsdien breek: “Ek wil God een met my begeertes maak” en tot hierdie geloofshouding kom: “Ek wil God in my hele wese verheerlik.”

Omdat Paulus se skandes met Christus bekleed is, is hy weer skaam oor sonde en wil hy niks doen waarvoor hy hom sal skaam nie. Christus maak dat ons nie meer ons skandes ons trots laat wees nie, maar ons daarvoor skaam.

10. Ons as Gereformeerde Kerk het 'n geloofsslagspreuk oor hoe ons as gelowiges leef: “Ons doen alles alleen tot eer van God!”

Hoe doen ons alles alleen tot eer van God?

Deur in Christus te glo!

Ons geloof in Christus is die wyse waarop ons breek met ons drif om van God die God van ons begeertes te maak. Dit is hoe ons onself wegkeer van die afgodsdien dat ons lus is sy lus, ons drif is sy drif en ons magswil is sy wil vir ons lewe. Deur Christus te vertrou om ons met sy heiligheid en regverdigheid te bekleed, ontdek ons God as die god wat ons nooit behandel soos ons Hom wil behandel nie, maar wie optree volgens sy heiligheid en die eer van sy Naam.

In en uit hierdie geloof in Christus kan ons God weer verheerlik met ons hele wese. In die geloof dat Hy ons nie behandel soos ons Hom behandel nie, eer ek God weer volgens sy heiligheid en eer om God te wees, gans anders as hoe ek Hom onteer deur my eie drifte; aanbid ek Hom as die Here wie Hy in sy heiligheid en eer is, en wil ek Hom nie van sy goddelikheid ontklee om by my passies te pas nie; eerbiedig ek Hom as die Here van sy wet en stroop ek Hom nie van sy wil om niks anders as my eie magslus te maak nie.

In en deur hierdie geloof skaam ek my oor alles waarmee ek God ontklee om in die selfvernederings van my sondes God te moet kom wees soos ek Hom een met my drifte wil hê. In en deur hierdie geloof in Christus breek ek met my skandes in die trotsheid dat ek God mag eer en verheerlik volgens sy heiligheid.

Christus maak ons trots weer ons skaamte

Dit is hoekom jongmense mos tog so met hul afgetrekte broeke hul naaktheid wys: om van die vernedering dat hul nie goed kan wees nie, hul trots te maak.

11. Ons leef vandag in die hartseer dat die kerk weer besig is om van Christus 'n kaal god maak! Die god van ons begeertes! Die god wat ons skandes ons trots maak!

Dit sien ons in hoe die kerk God die God van die LGBTQ beweging wil maak. Dit is 'n beweging van Lesbiese, Gay, Biseksuele, Transseksuele en "Queer" mense. Hierdie wêreldwye beweging is nie 'n kerklike beweging nie. Dit is 'n sekulêre beweging – uit die sekulêre gemeenskap en vir die sekulêre gemeenskap .

Ons as gelowiges het elkeen op een of ander manier 'n perversie in ons eie lewe waarmee ons stry. Wat in hierdie sekulêre beweging egter gebeur is totaal iets anders as om net 'n innerlike perversie te hê. Hulle doen dit wat die Woord van God noem: "hulle maak hul skande hul trots."

Om hierdie sekulêre beweging te verchristelik, maak predikante, pastore en priesters nou van Christus die kaal afgod in wie hulle hul sondige begeertes skaamteloos ervaar as God se liefde vir hulle en hul liefde vir God. Dit is net in hierdie grensloosheid van 'n God wat gestroop is van sy heiligheid en eer om God te wees soos sy God is, en mense wie hul met sy goddelikheid bekleed, dat hierdie mense nie meer skaam is oor die skandes van hul sondes nie, maar dit as hul trots vier.

Hulle maak hul skandes hul trots met 'n kaal Christus – die Christus van hul begeertes wat hul behandel soos hulle Hom behandel!

12. Vir elke gelowige is God se eer sy trots, nie sy skandes nie.

Daarom kan ons nie in die selfvernedering bly leef dat ons niks meer kan wees as ons begeertes nie en dat God geen ander God as die God van ons begeertes kan wees nie.

God behandel ons nooit hoe ons Hom behandel nie! Hy bekleed ons met die eer en waardigheid dat ons vir Hom en sy liefde heilig en regverdig is. Daarom is sy eer ons trots!

Ons paradeer nie ons skandes voor ander as ons trots nie! Ten spyte van ons eie sondige begeertes leef ons in die waardigheid en eer: ek wil God met my hele wese verheerlik volgens sy gebod, want Hy handel nie met my volgens my sondes nie!

Ons leef in die waardigheid van God wat ons skandes bedek sodat ons weer kan skaam wees oor ons begeertes en dit nie ons trots maak nie. Sy eer is ons trots!